Geslagsvorme

Skryf die geslagsvorm van die onderstreepte woorde neer:

Vandag is die paleis in rep en roer. Dit is die **prinses** se troudag. Die **bruidegom** se **broer** is die **strooijonker**. Hy is natuurlik ook die prinses se aanstaande **swaer**. Die prinses se **niggie** is die **strooimeisie**. Die koning gaan sy **dogter** kerk toe vergesel in 'n luukse motor. Die prinses se **mammie** sal 10 minute voor hulle kerk toe vertrek en sy word vergesel deur die prinses se **ouma** en haar **tante**. Haar tante is 'n **weduwee**, want haar man is oorlede. Die **orreliste** sal die troumars begin speel wanneer die bruid gereed is om in te stap. Die **sangeres** wat hulle gaan toesing, is 'n groot **vriendin** van die prinses.

Daar is baie gaste na die huwelik uitgenooi. Natuurlik is daar baie bekende mense op die gastelys. Daar is onder andere n beroemde **danser**, 'n bekende **skrywer**, 'n **akteur** of twee en 'n baie beroemde rugby**speler**. Selfs twee gewese **onderwyseresse** van die prinses, 'n **mejuffrou** Nel en **mevrou** Gouws, is genooi. Die prinses se **sekretaresse** het die uitnodigings uitgestuur en dit was 'n baie groot werk. Die onthaal gaan 'n spoggerige affêre wees, met 'n deftig geklede **kelner** wat elke tafel se gaste moet bedien.

Skryf die geslagsvorm onder die regte hofie en vul die teenoorgestelde geslag in.

Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik